

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-6

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:3-6

Uitverkiesing is 'n loflied van God se genade – jou loflied elke dag!

Kan jy jouself indink in 'n weeskind se skoene? Sonder 'n ma en pa, hulpeloos in die hande van vreemdelinge. Hoe alleen en hopeloos laat dit nie daardie kind nie?

Kan jy jouself weereens indink in 'n weeskind se skoene as daar iemand instap en jou uitkies en aanneem as 'n eie kind. Skielik het jy 'n pa wat jou liefhet, vir jou omgee en aan wie jy behoort. Jy sal jubel van blydschap en nie ophou dankie sê nie.

Jy is daardie kind! Jou hemelse Vader het jou uitverkies en jou aangeneem as sy eie kind. Skielik het jy ook 'n naam. Die naam van God se eie Seun Christus wat jou aan die kruis losgekoop het van die sondedood. Jy is CHRISTEN. 'n Kosbare naam.

Paulus beskryf hierdie uitverkiesing as 'n seën van God uit die hemel – 'n stuk onverdiende genade! Die vraag is: Leef jy elke dag waardig jou nuwe naam? Leef jy tot eer van God en van Christus?

Jou uitverkiesing as kind het 'n doel: jy moet heilig en onberispelik wees in jou liefde! Dit kan 'n jubelende blye opdrag wees, want as jy heilig en onberispelik in liefde is, vertoon jy die eienskappe van jou hemelse Vader, Hy wat heilig en volmaak in sy liefde is. Daarmee het Hy jou van 'n ewige sondedood gered!

Net so red en bou jy jou huwelik en jou gesinslewe met heiligheid en onberispelike liefde, want dit maak dat jy met al jou behoeftes en voorkeure en verwagtinge terugstaan en doen wat jou Hemelse Vader van jou verwag:

- om die mense om jou met liefde te dien; om met liefde mekaar te vergewe; met liefde geduld te hê met jou mense se gebreke; met liefde die argumente en die strydbyl te begrawe en vrede te maak; met liefde te aanvaar as jy nie altyd jou sin kry nie.

Dán word jou hemelse Vader geprys deur jou dade. Dán word die genade van Christus sigbaar in jou liefde.

Totius bring die lof van jou mond en jou dade mooi onder woorde in die beryming van Psalm 100: *“Juig al wat leef, juig voor die Heer. Dien God met blydschap. Gee Hom eer.”*

Sing: Psalm 100-1:1, 3

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)